**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**HANDELSREG SG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord Vraag 1 (VERPLIGTEND) en enige VYF ander vrae.
- Slegs die eerste SES vrae sal nagesien word.
- Beplan die lengte van jou antwoorde volgens die punte wat aan die betrokke vraag toegeken is. Maak seker dat jou antwoorde netjies en sistematies uiteengesit is.
- Beantwoord al die vrae in jou antwoordboek en nie op die vraestel nie.

---

## VRAAG 1
## VERPLIGTEND

1.1 Vul die ontbrekende woord(e) in en skryf dit langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

1.1.1 ? Vennootskapskontrak hoef nie skriftelik gesluit te word nie. Dit kan ook ______ of selfs deur _______ gesluit word.

1.1.2 ? Maatskappy het ? ewigdurende voortbestaan, en sal slegs ophou voortbestaan as dit ingevolge die Maatskappywet _______ word.

1.1.3 Die ______ van ? Beslote Korporasie impliseer die kansellasie van die registrasie van die stigtingsverklaring.

1.1.4 ______ is die oordrag van regte van een persoon na ? ander.

1.1.5 ? ______ is ? agent wat gemagtig is om goedere per openbare veiling te verkoop.

1.1.6 ? Borgskap is die ooreenkoms tussen die borg en die ______.

1.1.7 Voorbeelde van persoonlike sekuriteit wat krediteure kan gebruik om hulself teen moontlike slegte skulde te beskerm is _______, _______ en _______.

1.1.8 Om te bepaal tot watter mate die prinsipaal aanspreeklik sal wees vir die onregmatige dade van die agent, moet vasgestel word of die agent as _______ of as _______ van die prinsipaal opgetree het. (12)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien dit onwaar is, skryf ONWAAR en gee die korrekte antwoord vir slegs die **onderstreepte** woord(e).

1.2.1 Besit is noodsaaklik vir ? geldige retensiereg en moet dus ononderbroke wees.

1.2.2 Die orde van voorkeur onder ? dekkingsverband hang af van die datum van die skuld.

1.2.3 Die insolvente boedel word in twee groepe verdeel, naamlik die spesiaal versekerde bates en verbande.

1.2.4 In ? gesamentlike testament bevoordeel die testateurs mekaar oor en weer.

1.2.5 Die pandhouer is die persoon wat betaling ontvang deur middel van ? tjek.

1.2.6 ? Commanditaire-vennoot is onder geen omstandighede aanspreeklik vir ? bedrag groter as die bedrag wat bygedra is nie.

1.2.7 Die Sertifikaat om met sake te begin is ? bewys dat die maatskappy aan al die registrasievereistes van die Maatskappywet voldoen.

1.2.8 ? Huurder mag noodsaaklike verbeterings losmaak en verwyder met die verstryking van die huurkontrak.

1.2.9 ? Faktor is ? agent wat goedere onder sy beheer neem en onder sy eie naam verkoop.

1.2.10 As dit uit die opgawe van die beampte in beheer blyk dat daar onvoldoende vervreembare goed gevind is om aan die vonnis teen die skuldenaar te voldoen, is dit ? daad van insolvensie. (26)

1.3 Pas die verduideliking in **Kolom B** by die Latynse term in **Kolom A**. Skryf slegs die toepaslike letter langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer, (byvoorbeeld **1.3.7 H**).

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Delegatus non potest delegare | A. | Goeie trou |
| 1.3.2 | Estoppel | B. | Agent moet opdrag in eie persoon uitvoer. Hy mag nie sy pligte delegeer nie. |
| 1.3.3 | Vis major | C. | Natuurramp |
| 1.3.4 | Negotiorum Gestor | D. | Gedrag |
| 1.3.5 | Uberrimae fides | E. | Die reg van skuldverdeling |
| 1.3.6 | Beneficium divisionis | F. | Persoon wat uit sy eie, sonder opdrag, namens ? afwesige persoon optree met die doel om sy eiendom van skade te red. |
| | | G. | Deur bekragtiging |

(12)
**[50]**

**VRAAG 2**
**VENNOOTSKAPPE**

2.1 Die volgende is ? lys **kenmerke** van verskillende ondernemingsvorme. Identifiseer slegs die kenmerke van **vennootskappe** en skryf dit langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

- 1-10 natuurlike persone
- 2-20 persone
- Naam eindig met Edms. Bpk.
- Bydraes kan bestaan uit kapitaal en arbeid
- Het gewoonlik twee direkteure
- Die doel is om wins te maak
- Het ? onbepaalde voortbestaan
- Het lede en nie aandeelhouers nie (6)

2.2 Verduidelik die **stille** (slapende) vennoot. (8)

2.3 "Elke vennoot is geregtig op ? aandeel in die **wins**". Verduidelik hierdie stelling. (8)

2.4 Verduidelik die vennoot se plig van **goeie trou** EN noem TWEE **ander pligte** van vennote. (12)

2.5 Noem DRIE redes waarom ? **hof** ? vennootskap sal ontbind. (6)

2.6 Vul die **ontbrekende woord(e)** in en skryf dit langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

2.6.1 Die doel van ? ______ is om die vennote se lewens oor en weer te verseker en die oorblywende vennote te vergoed vir die verlies wat afsterwe of aftrede van een van die vennote kan meebring.

2.6.2 Alle vennote is ______ en ______ aanspreeklik vir skulde.

2.6.3 Wanneer vennote as slagters besigheid doen en hulle koop stoetperde in die besigheid se naam, het hulle nie ______ om dit te doen nie.

2.6.4 As geen ooreenkoms oor die verdeling van verliese in die vennootskap gesluit is nie, is die algemeen geldende reël dat ______. (5)

2.7 ? Skriftelike **vennootskapsooreenkoms** bevat sekere aspekte waarvolgens die vennootskap bedryf word. Noem VYF aangeleenthede wat moontlik in die ooreenkoms gestipuleer kan word. (5)

**[50]**

## VRAAG 3
## MAATSKAPPYWET / BESLOTE KORPORASIES

3.1 Identifiseer die volgende ondernemings**vorme**:

3.1.1 Majowi BK

3.1.2 Takalani Industrial Supplies (Edms.) Bpk.

3.1.3 Sweets and Company Bpk. (6)

3.2 Beantwoord die volgende vrae oor **ondernemingsvorme**.

3.2.1 Wat is die **voortbestaansmoontlikhede** van ? beslote korporasie en ? publieke maatskappy onderskeidelik? (2)

3.2.2 Wat is die **belangrikste dokument** van ? beslote korporasie en ? maatskappy onderskeidelik? (2)

3.3 Bespreek DRIE aspekte waarvoor die promotors verantwoordelik is tydens **flotering** van ? maatskappy. (6)

3.4 Wat beteken die woord **beperk** aan die einde van die naam van ? publieke maatskappy? (2)

3.5 Noem DRIE verskille tussen ? maatskappy en ? natuurlike persoon. (6)

3.6 Noem VIER kenmerke van ? beslote korporasie. (8)

3.7 By die oprigting van ? beslote korporasie moet sekere dokumente by die Registrateur van Beslote Korporasies ingedien word. Noem TWEE sulke dokumente. (4)

3.8 Noem TWEE **regte** van die lede van ? beslote korporasie. (4)

3.9 Verduidelik die **ontbinding** van ? beslote korporasie. (10)
**[50]**

## VRAAG 4
## HUUR EN VERHUUR VAN ONROERENDE EIENDOM

4.1 Lees die onderstaande gedeelte en beantwoord dan die vraag wat daarop volg.

John Black verhuur aan Bo Brady ? huis, Salemstraat 5, Johannesburg. Albei partye het die skriftelike huurkontrak onderteken wat vir ? tydperk van twee jaar sou geld. Die huurbedrag van R3 000-00 is maandeliks betaalbaar.

4.1.1 Voldoen hierdie kontrak aan die **vereistes** vir die bestaan van huurkontrakte? Staaf jou antwoord. (6)

4.2 Vul die ontbrekende woord(e) in en skryf dit langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

4.2.1 ? Huurkontrak vir 10 jaar of langer, vir die verhuur van grond, moet skriftelik opgestel en _______ word.

4.2.2 As ? huurkontrak jaarliks opgestel word, moet _______ (tydperk) kennis gegee word om dit te beëindig.

4.2.3 Die verhuurder se reg om die huurkontrak te beëindig indien die huurder nie huur betaal nie, staan bekend as _______.

4.2.4 _______ word vasgestel deur die Huishuurbeslissingsraad (Huurraad) en word bereken in terme van die waarde van die eiendom. (4)

4.3 Verduidelik die volgende terme:

4.3.1 Statutêre huurder (4)

4.3.2 Noodsaaklike verbeterings (6)

4.3.3 Huur gaat voor koop (6)

4.4 Wat is die **doel** van die Huurwet? (4)

4.5 Verduidelik die **stappe** wat ? huurder kan neem as ? verhuurder versuim om herstelwerk aan die eiendom te doen. (6)

4.6 Verduidelik die **plig** van die verhuurder om die huurder vrye gebruik en genot van die verhuurde eiendom te waarborg. (6)

4.7 Noem VIER redes vir die beëindiging van huurkontrakte. (8)

**[50]**

**VRAAG 5**
**AGENTSKAPPE**

5.1 Sally neem vir Macy as agent in diens. Oor watter DRIE aspekte moet hulle ooreenkom voordat die agentskapskontrak onderteken kan word? (6)

5.2 Noem TWEE voorbeelde van agentskapskontrakte wat deur middel van gedrag ontstaan. (4)

5.3 Pas die beskrywing in **Kolom B** by die term in **Kolom A**.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter wat daarby pas (bv. 5.3.8 K) in jou antwoordboek neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.3.1 | Prinsipaal | A. | Is gemagtig om goedere vir die prinsipaal te verkoop en te waarborg dat kopers sal betaal |
| 5.3.2 | Onafhanklike kontrakteur | B. | Is aanspreeklik vir die onregmatige dade van sy agent indien hy die dade goedgekeur het |
| 5.3.3 | Del credere-agent | C. | Gebruik sy eie oordeel by die uitvoer van ? opdrag |
| 5.3.4 | Eiendomsagent | D. | Tree namens ander persone op by die koop of verkoop, huur of verhuur van onroerende eiendom |
| 5.3.5 | Makelaarsloon | E. | Kommissie waarop ? makelaar geregtig is |
| 5.3.6 | Sonder reserwe | F. | Goedere word teen die hoogste bod verkoop |
| 5.3.7 | Negotiorum Gestor | G. | Iemand wat uit sy/haar eie ? ander persoon se goedere van skade red |
| | | H. | Mag nie vir minder as hierdie prys verkoop nie |

(14)

5.4 Bespreek die plig van die prinsipaal om die agent se **beloofde kommissie** volgens ooreenkoms te betaal. (8)

5.5 Noem TWEE gevalle waar die agent toegelaat word om sub-agente aan te stel. (4)

5.6 Noem VIER maniere waarop ? agenskapskontrak beëindig kan word. (8)

5.7 Verduidelik die agent se plig om **rekenskap** te gee van sy transaksies. (6)

**[50]**

## VRAAG 6
## BORGSKAP / RETENSIEREG

6.1 Kies die korrekte antwoord uit die gegewe moontlike antwoorde. Skryf slegs die toepaslike **letter** teenoor die **vraagnommer** in jou antwoordboek neer.

6.1.1 Ontstaan sodra die borg eis dat die skuldeiser eers stappe teen die hoofskuldenaar doen.

A. Beneficium Excussionis
B. Beneficium Divisionis
C. Beneficium Cedendarum Actionum
D. Beneficium Domicilia

6.1.2 Voordat ? borgkontrak gesluit word, moet daar ? ______ wees.

A. persoonlike verweermiddel, bv. minderjarigheid
B. insolvente skuldeiser
C. hoofskuld
D. medeborg

6.1.3 ? Medeborg is ______.

A. ? borg vir ? borg
B. gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik
C. oorsee of insolvent
D. ook ? mede-hoofskuldenaar

6.1.4 Uitgawes wat sonder toestemming aangegaan is vir die herstel van eiendom, wat absoluut noodsaaklik was vir die instandhouding of bewaring van die eiendom, is ? voorbeeld van ? _______.

A. skuldenaar-skuldeiserrentensiereg
B. bergingsretensiereg
C. verbeteringsretensiereg
D. bewaringsretensiereg

6.1.5 Uitgawes wat aangegaan word om die markwaarde van die eiendom te verhoog is ? voorbeeld van ? _______.

A. skuldenaar-skuldeiserretensiereg
B. bergingsretensiereg
C. verbeteringsretensiereg
D. bewaringsretensiereg (10)

6.2 Noem DRIE formaliteite vir die bestaan van ? borgkontrak. (6)

6.3 Verduidelik die borg se reg van **Beneficium Divisionis**. (8)

6.4 Noem TWEE redes waarom ? borgkontrak beëindig sal word. (4)

6.5 Verduidelik TWEE voorwaardes vir die bestaan van ? skuldenaar-skuldeiser-retensiereg. (4)

6.6 Noem TWEE **verskille** tussen ? skuldenaar-skuldeiserretensiereg en ? verrykingsretensiereg. (4)

6.7 Verduidelik die rol wat **besit** speel in die geval van retensieregte onder die volgende opskrifte:

6.7.1 TWEE vereistes (4)

6.7.2 TWEE gevalle waar die skuldeiser nie sy retensiereg verloor wanneer die goedere uit sy besit gaan nie (4)

6.7.3 Voorbeeld van ? boukontrakteur (6)
**[50]**

## VRAAG 7
## PANDE EN VERBANDE

7.1 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien **onwaar**, gee die **korrekte** term of woord vir die **onderstreepte** woord(e).

7.1.1 ? <u>Dekkingsverband</u> ontstaan op bevel van die hof.

7.1.2 ? <u>Spesiale verband</u> dien as dekking vir ? toekomstige voorskot.

7.1.3 <u>Lewering</u> is absoluut noodsaaklik vir verpanding.

7.1.4 ? <u>Verband</u> is ? reg wat ? skuldeiser verkry op onroerende eiendom van die skuldenaar. (10)

7.2 Noem TWEE verskille tussen pande en verbande. (4)

7.3 Verduidelik die **formaliteite** by **spesiale verbande** op onroerende eiendom. (10)

7.4 Vul die ontbrekende woord(e) in. Skryf die antwoord langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

7.4.1 ? ______ word gegee deur ? koper van onroerende eiendom wat nie oor genoegsame kapitaal beskik nie, aan die verkoper wat die geld aan hom voorskiet.

7.4.2 ? ______ is ? skriftelike dokument wat deur ? verbanduitmaker opgestel word en wat geregistreer moet word. (2)

7.5 Beantwoord die volgende vrae oor **verbande**:

7.5.1 Hoe ontstaan ? verband **sonder ooreenkoms**, bloot op grond van spesiale omstandighede wat bestaan tussen die skuldeiser en die skuldenaar? (2)

7.5.2 Noem DRIE voorbeelde van sulke verbande. (6)

7.6 Identifiseer die tipe **spesiale klousules** in ? verbandakte in die volgende gevalle:

7.6.1 Die maksimum koerse wat gehef word, word in die akte gestipuleer en mag nie teenstrydig met die wet wees nie.

7.6.2 Dit gee aan die verbandhouer die reg om die verband te kanselleer en om die kapitaalskuld met rente na behoorlike kennisgewing op te eis. (4)

7.7 Noem in volsinne, SES **redes** vir die beëindiging van pande en verbande. (12)
**[50]**

## VRAAG 8
## INSOLVENSIE

8.1 Gee EEN **woord** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf elke woord langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

8.1.1 Wanneer ? persoon nie verder in staat is om sy skulde te betaal nie en sy laste sy bates oorskry

8.1.2 Op bevel van die Hooggeregshof word al die bates van ? insolvente persoon van hom/haar ontneem en in die hande van ? kurator geplaas

8.1.3 Volgens hierdie dokument word ? skuldenaar aangesê om op ? spesifieke datum in die hof te verskyn en om redes te gee hoekom sy/haar boedel nie finaal gesekwestreer moet word nie.

8.1.4 Wanneer die skuldenaar self by die hof aansoek doen om sekwestrasie van sy/haar boedel wat tot voordeel van sy/haar skuldeisers sal wees

8.1.5 Wanneer die insolvente persoon se bates op ? openbare veiling verkoop word om die skuldeisers te betaal (10)

8.2 Verduidelik die **afsonderlike boedel** van die insolvent se gade (man of vrou). (10)

8.3 Die meester moet die **eerste byeenkoms** van skuldeisers van die insolvente boedel belê. Watter potensiële geleentheid bestaan by so ? byeenkoms? (6)

8.4 Noem VIER persone wat onbevoeg is om as kurator op te tree. (4)

8.5 Noem VYF pligte van ? kurator. (10)

8.6 Beantwoord die volgende vrae oor die **vermoënstaat**.

8.6.1 Gee ? **omskrywing** van ? vermoënstaat. (4)

8.6.2 Noem DRIE **aanhangsels** by die vermoënstaat. (6)
**[50]**

## VRAAG 9
## TESTAMENTE / VERHANDELBARE DOKUMENTE

9.1 Pas die beskrywing in **Kolom B** by die term of begrip in **Kolom A**.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter wat daarby pas (bv. 9.1.8 G) in jou antwoordboek neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.1.1 | Kodisil | A. | Benoem die eksekuteur |
| 9.1.2 | Op 14-jarige ouderdom | B. | Bestaande testament word ongedaan gemaak |
| 9.1.3 | Op 16-jarige ouderdom | C. | Aanhangsel wat die bestaande testament aanvul of wysig |
| 9.1.4 | Bloedhand | D. | Getuie tot ? testament |
| 9.1.5 | Herroeping | E. | Mag nie in ? testament bevoordeel word nie |
| 9.1.6 | Testament | F. | Bevoeg om ? testament op te stel |

(12)

9.2 Vul die ontbrekende woord(e) in en skryf slegs die woord(e) langs die korrekte vraagnommer in jou antwoordboek neer.

9.2.1 Die eksekuteur het ? plig om aan die (a) te rapporteer oor die uitvoering van sy pligte en terselfdertyd het hy ? verantwoordelikheid teenoor die (b). (2)

9.3 Noem DRIE formaliteite by die opstel van ? testament. (6)

9.4 Kies die korrekte antwoord uit die gegewe moontlike antwoorde. Skryf die toepaslike **letter** teenoor die **vraagnommer** in jou antwoordboek neer.

9.4.1 Daar is ? ooreenkoms tussen ? maatskappy en ? natuurlike persoon ten opsigte van ______.

A. kontinuïteit
B. regspersoonlikheid
C. fisiese voorkoms
D. Nie een van die bogenoemde nie.

9.4.2 Die statuut bevat onder andere die volgende inligting:

(i) Naam van die maatskappy
(ii) Hoofdoelstellings van die maatskappy
(iii) Kennisgewings van vergaderings
(iv) Vergoeding van direkteure
(v) Prosedure by die oordrag van aandele

A. (i) en (ii)
B. (ii), (iii) en (iv)
C. (iii), (iv) en (v)
D. Al die bogenoemdes. (4)

9.5 Verduidelik die verwysing na **Tabel A** en **Tabel B** wat maatskappye betref. (4)

9.6 Noem DRIE beperkinge op die naam van ? maatskappy. (6)

9.7 Gee EEN **woord** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf die woord langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

9.7.1 ? Onvoorwaardelike, skriftelike opdrag deur ? persoon aan sy bank om op aanvraag ? bedrag geld aan ? vermelde persoon te betaal


9.7.2 Twee parallelle lyne oor die voorkant van ? tjek (4)

9.8 Beantwoord die volgende vrae oor die onderstaande TJEK.

9.8.1 Noem DRIE **redes** waarom die bank hierdie tjek sal weier. (6)

9.8.2 Wat is die verskil tussen die terme **nie oordraagbaar** en **nie verhandelbaar**? (4)

9.8.3 Wie is die **betrokkene** van hierdie tjek? (2)


Nie oordraagbaar
BOB BANK
23 ~~Oktober~~ 2008
November
of toonder
of order
Pay
Betaal N. O. BODY
Bedrag van TWEE HONDERD RAND ALLEEN
Amount of
R 210 --------------00
1234-5678-90987
BRADY BLACK

**[50]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**